# DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

**10 Mei 2026**

## Gasvryheids-bediening

Kom drink gerus koffie/tee na die erediens in Kosmos in die kerksaal. Elisma en span het die spesiale moeite vir moederdsdag gedoen.

## BORG
**van die maand**
# Cobus & Leone Malan




## Gebedsonderwerpe

- Bid vir Ds Willem se voorbereiding vir Pinkster. Bid dat ons as gemeente in die Pinkstertyd sal oop wees vir die werk van die Gees.
- Bybelverspreiding in Vietnam waar die owerhede vyandig is teenoor Christene. Bid dat elke Bybel by die regte persoon sal uitkom. Bid vir die veiligheid van die verspreiders.
- Hulpverlening in die gebiede wat erg deur oorstromings geraak word, soos langs die Oranjerivier in die Noord-Kaap. Bid dat hulp en voorrade by die gemeenskappe sal uitkom wat van die buitewêreld afgesny is.
- Die bestuur en personeel van Huis Marie Louw. Bid dat hulle met groot toewyding die belange van die inwoners altyd eerste sal stel. Dank die Here vir elke toegewyde personeellid. (Hannetjie Gericke)

### MEI se deurkollektes
03 Mei: Gemeentebediening – R1 665
10 Mei: Assosiasie Bybelse Berading & Opleiding
14 Mei: Hemelvaartdag - Bybelgenootskap
17 Mei ogg: Pinkster - Bybelgenootskap
17 – 21 Mei aande: Pinkster – Bybelgenootskap
24 Mei: Projekte 2026
31 Mei: Sinode: Bediening aan die Jode

### Bybelstudie Stormhaven
Donderdag, 28 Mei om 10:00.

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

Rek naam: NGK Somerset Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

**2. Snapscan:**

SnapScan
Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**
Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

# Lofdiens 09:30

Baie welkom by vanoggend se erediens. Dit is vir my 'n voorreg om saam met julle as 'n gemeenskap van gelowiges rondom God se Woord te vergader. Vanoggend vier ons ook Moedersdag. Moedersdag vra egter ook sensitiwiteit, omdat elkeen van ons verskillende ervarings en herinneringe van moeders het. Tog erken ons met dankbaarheid dat daar mense is wat op verskillende maniere, die rol van 'n moeder in ander se lewens vervul. Daarom wens ons elkeen 'n geseënde Moedersdag toe. Vanoggend se Skriflesing is uit Psalm 66. Die skrywer van die Psalm nooi ons uit om te sien hoe God vorm gee aan die lewens van sy kinders. Hy nooi ons ook uit om te hoor hoe God in mense se lewens werk. Wanneer ons sien en hoor, behoort ons harte met dankbaarheid gevul te word en alle eer aan God te bring. Kom ons loof die Naam van die Here saam in vanoggend se lofdiens.

## Stroming

Hierdie diens se skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by
https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

### Bybelstudie Woensdae
**Oggende: 2-weekliks**
13/05: 10:00 in Patmos
**Aande: weekliks**
13/05: 18:00 in Patmos


### Gebedsgroep Woensdae
13 Mei om 09:00 in die konferensiekamer.

## Voorbidding

- **Annet Claassen,** rug-operasie, 11/5.
- **Cecile vd Poel,** heupvervanging, 11/5.
- **Jan Mynhardt,** oogoperasie.
- **Rassie Erasmus,** tuis na hospitalisasie.
- **Elsa Rautenbach,** met haar ma se afsterwe.
- **Elmaré Rankin,** hand-operasie.
- **Alecia Waring,** hospitaal.
- **Buks v Zyl,** HML Siekeboeg.
- **Thelma Schoeman,** herstel na knie-operasie.
- **Corrie Swanepoel,** geval en ribbes gebreek.
- **Kobus Grobbelaar,** verswak na hospitalisasie.
- **Lafras Kritzinger,** broos.
- **Jeanette Snyman,** behandeling.
- **Obie van Niekerk,** behandeling.
- **Dawie Rossouw,** behandeling.
- **Muggie Rossouw,** broos.
- **Christo Meyer,** broos.
- **Marcel Malan,** broos.


*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*

In elke klein oomblik van 'n ma se dag, lê 'n liefde wat diep en eg is. 'n Hand wat dra, 'n hart wat glo, 'n siel wat gee — sonder ophou. Mag jy opnuut net weer sien hoe kosbaar jou rol is. Hoe diep jou invloed strek. Hoe wyd jou liefde dra. Want in elke klein oomblik, bou jy aan iets ewig. Daar is soveel meer in die woord MA, as wat ons ooit kan dink. Sy is 'n opvoeder, teregwyser, voorbeeld, sy bid vir jou Niemand kan die plek van 'n MA inneem nie. Daar is net één. Maar daar is vroue wat haar aanvul en ons uiteindelik help vorm om die vrou te word wat ons is. Hulle is oumas, tannies, niggies, vriendinne en selfs kollegas. Kom ons waardeer mekaar as vroue vandag, want.....




Jy is 'n vrou met uithouvermoë
'n Vrou met 'n hart
wat kan glo.
Jy's sag, vol liefde en afgerond
met 'n persoonlikheid
meer werd as goud.
Jy kan lag, jy kan luister.
Jy ken liefde en jy verstaan.
Jy's snaaks, maar ook ernstig.
Jy is gemotiveerd.
Jy ken jou Skepper.
Maar bo alles....
Is jy maar net
GOD se meisiekind!

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

**Daar sal nie op Vrydag, 15 Mei 'n reisgesprek wees nie.**

**Volgende geleentheid: 22 Mei 2026**

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

# Kategese: 10 Mei 2026

## Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

***Voorskool:** Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.*

### Groei-goggas: Ek groei geestelik

Ons gebruik die **Groen Groei-hand** om ons te help om liewer en liewer vir God te raak. Elke vinger van die **Groen Groei-hand** leer ons iets van geestelike groei. Die **duim** sê: lees jou Bybel elke dag. Wys na die bo met die **wysvinger** en onthou: praat met die Here. Ons **middelvinger** is die langste en staan uit: staan ook uit vir die Here. Ons **ringvinger** herinner ons dat God altyd getrou is, maar dat ons nie altyd is nie. Onthou om jammer vir God te sê. En dan ons kleine **pinkie** wat nie op sy eie kan beweeg nie. Ons het ander kinders van die Here nodig.
2 Tessalonisense 1:3 ***"… julle geloof neem sterk toe, en sonder uitsondering word julle liefde vir mekaar altyd meer."***

***Graad 1-6:** Tydens die erediens in die kerksaal.*

### My blink ID: Die Heilige Gees in jou

Partykeer wil 'n mens net iemand aan jou kant hê om te verduidelik wat gebeur het. Dit was regtig nie jou skuld nie, maar jy sukkel om dit te verduidelik. Jy weet dat jou maatjie wat dit gesien het, dit mooi sal kan verduidelik, hý sal die **voorpraatwerk** doen as jy by die juffrou se klas kom.
Die Here gee vir ons ook Iemand wat vir ons die **voorpraatwerk** doen by God, die Vader. Dit is Hy wat sal verduidelik dat jy eintlik onskuldig is omdat jou skuld deur iemand anders betaal is, naamlik Jesus Christus.
Sondag praat ons oor die Heilige Gees wat ook die **Voorspraak** genoem word.
**Johannes 14:16** ***"Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die Waarheid."***

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**
**Jeug verteenwoordiger: Rona van Zyl (082 339 1362)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens (behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband), in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen.

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)**
**Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)**




# Herfsmark 2026

Ons Herfsmark se voorbereidingswiele is aan die rol onder leiding van Dienende Hande. Bemark asb. hierdie geleentheid onder julle familie en vriende en kom kuier lekker saam met ons. Daar gaan genoeg te ete wees: lekker hamburgers & skyfies, boereworsrolle, jaffles, pannekoek, poeding, teekamer en nog vele meer. Ons het ook heelwat buite-uistallers wat bydra tot 'n lekker verskeidenheid van produkte en items. Kom loer gerus!

**Allerlei:** Skoon, bruikbare en werkende items kan asb. by die kerkkantoor afgelewer word voor of op **Maandag, 25 Mei 2026**.

**Gebak:** Ons bedank graag vir Hanlie Neethling wat bereid is om as sameroeper te dien. Ons het egter julle hulp nodig en vra asb. dat diegene wat graag bak, vir ons **koeke, terte** en **beskuit** sal voorsien. Dit kan asb. **Vrydag, 29 Mei tussen 08:00** en **17:00** by die kerksaal afgegee word.

**Kleinkoekies:** Op **12 & 13 Mei** word daar koekies in die kerksaal se kombuis gebak. Ons het altyd hulp nodig. Meld asb. aan en kom sit 'n handjie by.

Ons het soveel as moontlik hulp en hande nodig om van die Herfsmark 'n sukses te maak. Kontak die sameroepers gerus en bied jou hulp aan. Ons het elkeen se insette en hulp baie nodig.

## HERFSMARK 2026 SAMEROEPERS

| TAFELS | NAAM | KONTAKBESONDERHEDE |
|---|---|---|
| Hamburgers & chips | Leone Malan | 082 854 6013 |
| Boereworsrolle | Bennie &<br>Rona van Zyl | 082 4666 558<br>082 339 1362 |
| Jaffles | Gerrit van Zyl | 083 388 4379 |
| Pannekoek | Tersia Baard | 078 324 4692 |
| Poeding | Letteli Nel | 083 350 8673 |
| Gebak | Hanlie Neethling | 072 433 7243 |
| Kleinkoekies | Cecile vd Poel | 073 173 1134 |
| Teekamer | Suzette Posthumus | 061 262 8298 |
| Allerlei | Gerda Oosthuizen | 082 3735 230 |




**Donderdag, 14 Mei** is **Hemelvaartdag** en die **Hemelvaartdiens** vind om **19:00** in die kerk plaas. Pinkster begin dus met hierdie diens op 14 Mei. Alle deurkollektes tydens Pinkster gaan vir Bybelgenootskap.
*L.W.: Alhoewel Hemelvaartdag nie 'n openbare vakansiedag is nie, sal die kerkkantoor gesluit wees, omdat dit 'n kerklike vakansiedag is.*

# CARITAS

## Die gemeente se diens van barmhartigheid

Gedurende Pinkster word nie-bederfbare kruideniers, toiletware en skoonmaakmiddels ingesamel om, wanneer nodig, aan behoeftige gesinne in ons gemeente uit te deel. Ons benodig asb. skenkings en julle ondersteuning sal baie waardeer word. Plaas asb. die artikels in die mandjies in die portale, of dit kan by die kerkkantoor afgegee word.
Koördineerder: Francine v Zyl

***Baie dankie aan almal wat bere geskenk het vir Tygerberg Hospitaal. Dit gaan sommer heelwat hartjies vinniger laat klop.***









## WARM WINTER OMGEE

Ons het heelwat skenkings van wol ontvang en Anne du Plessis het dit mooi netjies vir ons sorteer. Baie dankie daarvoor. Kom kry gerus wol by die kerkkantoor. Met die winter op hande is elke mus, trui, serp, handskoene en bedsokkies van onskatbare waarde vir diegene aan wie dit uitgedeel word.
Helderberg Uitreik versprei hierdie gebreide items by die Familieskuiling, Sir Lowry's Pas, Macassar, Dagsorgsentrums, bejaardes in tehuise en by Helderberg Hospitaal. Dankie aan elkeen wat so getrou brei en reeds gebrei het, asook diegene wat wol geskenk het.

